# Paarlberg 2024

| ROETE: | Paarlberg sirkelroete | DATUM: | 5 Oktober 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Saterdagoggend het 10 van ons by Meulwater bymekaargekom. Admin is gou-gou afgehandel en die weer was perfek vir die stap - dit was vroeg oggend al baie warm. Ons is eers na die waterval en toe op met die paadjie tot by Oukraal. Hier het ons 'n ruskans geneem. Ons het by Oukraal regs gedraai met die pad en weer links net voor die Telkom toring. Ons is bult op en bult af tot by n heerlike rots oorhang waar ons teetyd geniet het. Vandaar is ons tot by die agterste baken met uitsigte van Tafelberg, Ruitersvlei en as jy baie skerp links kyk en jou kop effe tilt kan jy amper vir Spice Route sien. By Krismiskamp het ons besluit om n vroeer middagete te neem aangesien ons hier in die koelte kon vertoef. Vandaar is toe met die paadjie na Bretagne- en Gordonklip. Ons stap rustig die 365 trappies na bo en agv die hitte wou niemand opgaan na Bretagneklip. Vandaar is ons na Paarlrots en het die mooi uitsigte geniet. Ons neem ook lekker fotos by die kanon bo op Paarlrots. Vandaar is toe deur die tuin terug na ons motors. Ons was teen 2.30 terug by die motors en baie bly om uit te son te kom. Oktober-maand word nie verniet die mooiste maand genoem nie - dit is oral opvallend in Paarl reservaat. Meeste van ons het na die tyd koue bier gaan drink by Diaz tavern. Ons totale klimhoogte vir die dag was 608m. Baie dankie aan Werner Booyens wat die stap gelei het en dankie aan Brenda vir die reelings.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Brenda Sideratos | 071 | R 5 | 18 | |
| Werner Booyens | 072 | R 5 | 18 | |
| Arie van Eck | 048 | R 5 | 18 | |
| Arina van Eck | 047 | R 5 | 18 | |
| Beulagh Keulder | 051 | R 5 | 18 | |
| Gerna Hough | 131 | R 5 | 18 | |
| Elisma Maree | 070 | R 5 | 18 | |
| Riel Tredoux | Nie-lid | R 10 | 18 | |
| Tyna Coffee | Nie-lid | R 10 | 18 | |
| Sinmarie Pieterse | 082 | R 5 | 18 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 60** | **180** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Brenda Sideratos |
|---|---|